

18 Mei - HERDER

Skrifgedeelte: Psalm 23; Johannes 10:1-18

Fokusgedeelte: Johannes 10:1-18

Die harp van Dawid speel eeue nie meer nie. En tog klink sy Psalm 23 deur die eeue steeds. Hierdie herderspsalm het meer pyn gestil as medisyne.

Die krag van hierdie Psalm is die vertroue dat die Here die Herder is wat in lewe en in sterwe so troosvol is; so inspirerend vir die lewe van elke dag en so onderskragend in sterwensbegeleiding.

Die metafoor van die herder vir die skape is veelseggend. In die lig van die landelike leefwyse in Bybelse tye verbaas dit nie dat die herdersimbool dikwels in die Bybel voorkom nie. Saans is die skape volgens gebruik in 'n kraal gejaag om hulle te beskerm teen diewe, onweer en wilde diere. Die krale was grotte of 'n oop stuk grond met mure van klip of klei. Enigeen wat sy skape leed wil aandoen, moet by die enigste ingang waar die herder waghou, verbykom.

Die verwysing na *herder* laat die klem nie val op die dierlike eienskappe van skape nie, maar op die dissipelskap van die wat die Here volg. Herderskap het positiewe assosiasies soos blyk uit die oordragtlike betekenis wat oorheers. God word as herder van Israel uitgebeeld om daarmee sy sorg, beskerming en leiding vir hulle uit te druk. Jesus is volgens die Nuwe Testament die goeie Herder (Joh 10:11); ook die groot Herder (Heb 13:20, 21) en die Opperherder (1 Pet 5:4).

In die Evangelie van Johannes skryf hy dat Jesus gesê het: "Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe vir die skape af" (Joh 10:11). Jesus is die *ingang* en die Goeie Herder. Soos die herder omgee het vir elke skaap, so gee die Goeie Herder sy lewe vir sy volgelinge wat sy stem ken. Jesus is 'n empatiese herder wat sy lewe vir sy skape aflê.

Sing: Psalm 23:1, 2, 3 (1936-beryming)

Dr PW Bingle (Emeritus)